

FinChoice a division of HomeChoice (Pty) Ltd is an authorised financial services provider (FSP no. 48448), Guardrisk Life is an authorised financial services provider. FinChoice a division of HomeChoice is a registered credit provider (NCRCP 454). FinChoice advocates responsible lending, therefore the granting of loans is at the sole discretion of FinChoice and the amount you qualify for depends on your individual circumstances.

Dit is die standaardleningsbepalings en -voorwaardes van FinChoice. Die stem- of elektroniese weergawe van die voorooreenkomsverklaring en kwotasie, waarvan u ook 'n skriftelike afskrif ontvang; die debietordermandaat, die leningskontrak (indien van toepassing) sowel as hierdie leningsbepalings en -voorwaardes maak die leningsooreenkoms (hierna "die leningsooreenkoms") tussen ons uit. Let daarop dat ons verskillende soorte lenings bied, waaronder korttermynlenings, ongedekte lenings en 'n fasiliteitsprodukt wat ons MobiMoney noem. Alle lenings is onderworpe aan hierdie leningsbepalings en -voorwaardes in soverre dit op die bepaalde soort lening betrekking het. "U" beteken die persoon wat 'n leningsooreenkoms met ons aangaan, en "FinChoice" of "ons" beteken FinChoice 'n afdeling van HomeChoice (Edms) Beperk. As ons na die "HomeChoice-groep" verwys, beteken dit enige maatskappy wat hetsy in die geheel of gedeeltelik deur die publieke maatskappy HomeChoice Internasionaal of enige van sy filiale besit word.

## 1. Algemeen

- FinChoice is 'n geregistreerde kredietverskaffer ingevolge die Nasionale Kredietwet (wat ons hierna "die wet" of "die Kredietwet" sal noem).
- Indien u 'n klag teen ons wil indien, kan u die Nasionale Kredietreguleerder by 0860 627 627 of FinChoice self by 0861 346 246 bel.
- Ons maak inligting aan die volgende kredietburo's bekend:
  - TransUnion Kredietburo (Edms) Bpk  
Tel: 0861 482 482  
E-pos: contactcentreadmin@transunion.co.za
  - Compuscan Inligtingstegnologieë (Edms) Bpk  
Tel: 021 888 6000  
E-pos: info@compuscan.co.za
  - Experian Suid-Afrika (Edms) Bpk  
Tel: 011 799 3400  
E-pos: consumer@experian.co.za
  - XDS ("Xpert Decision System")  
Tel: 011 645 9100  
E-pos: info@xds.co.za
- Ons gaan telefonies of elektronies 'n leningsooreenkoms by ons kantore aan sodra u die bepaling van die leningsooreenkoms aanvaar.
- Onderworpe aan die vereistes van die Kredietwet en ons interne kredietbeleide kan ons na eie goedgekeurde besluit om krediet aan u te verleen of nie.
- As deel van die aansoekproses kan FinChoice:
  - enigeen kontak om na te gaan of die inligting wat u verstrek het korrek is, en om inligting oor u finansiële status en bankbesonderhede te verkry, waaronder 'n krediet- en betaalgeskiedenis;
  - enige tersaaklike party soos 'n kredietburo of die Nasionale Leningsregister van inligting oor die aansoek, leningsooreenkoms en krediet- of betaalgeskiedenis voorsien; u persoonlike inligting verwerk of bekend maak ooreenkomsig ons privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is by <https://www.finchoice.mobi/Home/PrivacyPolicy> en wat onder meer insluit dat ons inligting kan bekend maak indien:
    - die wet dit van ons vereis;
    - dit in die openbare belang is om dit bekend te maak;
    - u ons toestemming gee of versoek om dit bekend te maak; of
    - dit in onderskeidelik FinChoice of 'n derdepartyontvanger se regmatige belang is om die inligting hetsy bekend te maak of te ontvang.
- FinChoice kan ook u persoonlike en kredietinligting vir sakedoeleindes aan die HomeChoice-groep bekend maak, en u gee hiermee uitdruklik toestemming dat dit direkte bemaking oor die telefoon en deur elektroniese kanale kan insluit.
- Indien u binne gemeenskap van goedere of ingevolge die gemene- of gewoontereg getroud is, bevestig u hiermee dat u huweliksmaat toestemming verleen het dat u die leningsooreenkoms aangaan.
- Ons standaardbepalings en -voorwaardes kan van tyd tot tyd verander. Hierdie mees onlangse weergawe sal beskikbaar wees by [www.finchoice.com](http://www.finchoice.com), of u kan 'n afskrif daarvan aanvra by telefoonnommer 0861 346 246. Indien u 'n bestaande of vorige klient is wat 'n nuwe ooreenkoms aangaan, sal ons u in kennis stel indien die standaardbepalings en -voorwaardes verander het sedert die vorige keer wat u 'n leningsooreenkoms met ons gesluit het.
- Enige verandering aan die leningsooreenkoms sal slegs bindend wees nadat ons u ingevolge die Kredietwet van die verandering in kennis gestel het.
- FinChoice staan slegs vir persoonlike doeleindes lenings toe, en nie vir sakedoeleindes nie. U kan dus slegs 'n leningsooreenkoms met ons aangaan om die lening vir persoonlike doeleindes te gebruik.

## 2. Voorooreenkomsverklaring en kwotasie

- Vir alle leningsooreenkoms sal ons u onder andere die volgende inligting in die voorooreenkomsverklaring en kwotasie gee:
  - Leningsbedrag: Dit is die bedrag krediet wat ons ingevolge die leningsooreenkoms aan u toestaan.
  - Aanvangsfooi: Dit is 'n fooi wat ons ingevolge die wet kan hef om die leningsooreenkoms in te stel. U kan hierdie fooi vooraf betaal. So nie, sal ons dit by die aanvang van die leningsooreenkoms hef en dit by die uitstaande saldo van die leningsooreenkoms inreken sodat u dit as deel van u maandelikse paaiement betaal. Vir MobiMoney kan ons instem om die aanvangsfooi op 'n pro rata-grondslag te hef elke keer as u MobiMoney gebruik, totdat die volle aanvangsfooi betaal is.
  - Diensfooi: Dit is 'n maandelikse, transaksie- of jaarlikse fooi wat ons ingevolge die wet hef om ons bedryfskoste vir die administrasie van die leningsooreenkoms te dek. Ons sal in die voorooreenkomsverklaring en kwotasie die diensfooi vir u leningsooreenkoms bevestig.
  - Rentekoers: Ons dui die rentekoers wat op u leningsooreenkoms van toepassing is in die voorooreenkomsverklaring en kwotasie aan. Ons bereken rente op die daaglikse uitstaande saldo, en kapitaliseer dit elke maand (d.w.s. ons reken dit maandeliks by die uitstaande leningsaldo in). Indien u agterstallig is, kan ons rente op die agterstallige bedrag hef teen die maksimum koers ingevolge die wet.
- Vir MobiMoney-ooreenkoms sal ons u, benewens die inligting in paragraaf 2.1, ook die volgende inligting in die voorooreenkomsverklaring en kwotasie gee:
  - Huidige kredietperk: Dit is die maksimum beskikbare bedrag wat te eniger tyd onttrek kan word. Ons bepaal hierdie perk na ons goedgekeurde aan die hand van u bekostigbaarheidsbeoordeling en ons kredietbeleide, en ons kan dit na gelang van u betaalgedrag van tyd tot tyd en tot en met die maksimum kredietperk verhoog.
  - Maksimum kredietperk: Dit is die maksimum bedrag krediet wat u volgens ons kan bekostig.
- Let daarop dat ons die kwotasie wat in die voorooreenkomsverklaring en kwotasie verskyn op die maksimum kredietperk grond. Dit beteken dat u maandelikse paaiemente nooit méér sal wees as wat in die kwotasie aangedui word nie, maar wel minder kan wees na gelang van hoe u MobiMoney gebruik.

## 3. Leningsooreenkoms – algemeen

- Wanneer u om krediet aansoek doen, onderneem ons 'n kredietrisiko-beoordeling en 'n bekostigbaarheidsbeoordeling ingevolge die wet.
- Vir korttermyn- en ongedekte leningsooreenkoms bepaal hierdie beoordelings die maksimum leningsbedrag waarvoor u volgens ons in aanmerking kom (die "maksimum leningsbedrag").
- U maksimum leningsbedrag kan verander indien u finansiële omstandighede verander.
- Nadat u 'n leningsooreenkoms met ons aangegaan het, kan u dalk vir 'n ander lening in aanmerking kom met 'n totale blootstelling van tot en met die maksimum leningsbedrag. Volgens die HomeChoice-groep se kredietbeleide mag u in enige bepaalde stadium slegs een leningsooreenkoms met enige maatskappy in die HomeChoice-groep hê (buiten sekere produkte soos MobiMoney, FoneChoice-ooreenkoms of "KwikAdvance", waarna paragraaf 6 verwys). As u steeds 'n bestaande uitstaande saldo het wanneer u om 'n ander leningsooreenkoms aansoek doen, moet u eers die uitstaande saldo van die bestaande

- leningsooreenkoms vereffen voordat u 'n ander leningsooreenkoms kan aangaan. U kan vra dat ons die opbrengs op die nuwe leningsooreenkoms vir dié doel gebruik, of u kan ander reëlings tref om u bestaande leningsooreenkoms af te los.
- Indien u ons vra om die opbrengs van die nuwe leningsooreenkoms te gebruik om 'n bestaande leningsooreenkoms af te los, sal die verskil in u bankrekening inbetaal word. Ons noem hierdie bedrag wat in u bankrekening inbetaal word die "KwikDraw-bedrag". Hoewel dit 'n nuwe leningsooreenkoms sal wees, kom ons bestaande kliente tegemoet deur die aanvangsfooi vir die nuwe leningsooreenkoms slegs op die KwikDraw-bedrag te hef in plaas van u die volle bedrag van die nuwe leningsooreenkoms.
- Ons kan u van tyd tot tyd laat weet dat u 'n KwikDraw-bedrag beskikbaar het. Ons sal 'n bekostigbaarheidsbeoordeling doen elke keer as u om 'n nuwe leningsooreenkoms aansoek doen. Enige KwikDraw-bedrag sal slegs beskikbaar wees indien u bekostigbaarheidsbeoordeling aandui dat u die nuwe leningsooreenkoms kan bekostig. Ons waarborg nooit dat u vir enige bedrag in aanmerking sal kom nie – alles hang af van die bekostigbaarheidskontroles en ons interne kredietbeleide.
- Voordat u 'n nuwe leningsooreenkoms met FinChoice aangaan, moet u seker maak dat u die koste en risiko's verbonde aan die sluiting van 'n ander leningsooreenkoms, sowel as u regte en verpligtinge ingevolge die leningsooreenkoms, ten volle verstaan en besef.
- Indien u enigins twyfel oor of u finansiële omstandighede verander het, of as u nie die risiko's en koste van 'n leningsooreenkoms of u regte en verpligtinge ingevolge die leningsooreenkoms ten volle verstaan nie, bel FinChoice eers by 0861 346 246 voordat u die leningsooreenkoms aangaan. Hoewel die wet dit nie vereis nie, kan ons 'n afkoeltydperk toestaan wanneer u die eerste keer 'n leningsooreenkoms met ons aangaan.

## 4. Leningsooreenkoms – MobiMoney

- Die volgende voorwaardes is spesifiek op MobiMoney van toepassing:
- Indien u aansoek slaag, sal ons "huidige" en "n maksimum" kredietperk aan u toeken.
  - Die MobiMoney-ooreenkoms sal ses maande ná die datum van hierdie ooreenkoms verstyk, tensy FinChoice na eie goedgekeurde verdere onttrekkings toelaat.
  - Ons bereken die huidige en maksimum kredietperke op grond van die uitkoms van u bekostigbaarheidsbeoordeling en ons interne kredietbeleide. Ons sal u nooit vra om 'n groter paaiement te betaal as wat u volgens ons kan bekostig nie, maar elke keer as u onttrek, kan u kies om die onttrekkingsbedrag binne 'n korter tydperk terug te betaal as wat ons vereis.
  - Die huidige kredietperk is u werklike kredietperk by ons in enige bepaalde stadium, en kan ooreenkomsig u risikoprofiel op 'n laer bedrag as die maksimum kredietperk vasgestel word na gelang van wat ons ingevolge ons risikoreël besluit.
  - Na gelang van u risikoprofiel kan ons dus na eie goedgekeurde u huidige kredietperk in die loop van die MobiMoney-ooreenkoms aanpas, hoewel die huidige kredietperk nooit u maksimum kredietperk sal oorskry nie.
  - Die maksimum kredietperk is die bedrag wat u volgens u bekostigbaarheidsontleding kan bekostig. In pas met verantwoordelike uitleenpraktieke, en om blywende klienteverhoudings te bou, staan ons aanvaanklik 'n laer huidige kredietperk aan ál ons kliente toe en "ontsluit" dan stelselmatig die maksimum kredietperk wanneer dit gepas is en na gelang van u risikoprofiel.
  - FinChoice kan u toegang tot MobiMoney in enige stadium opskort indien u wanbetal, of u kan die fasiliteit sluit nadat u kennisgewing van tien sakedae ontvang het, in welke geval die leningsooreenkoms van krag sal bly in soverre dit nodig is totdat u alle verskuldigde bedrae ingevolge die leningsooreenkoms betaal het.
  - U kan ons skriftelik versoek om die maksimum kredietperk te verlaag en u vereiste maksimum kredietperk aandui.

## 5. Aansoek deur elektroniese kanale

- Ons kan toelaat dat u met behulp van u selfoon, die internet of ander elektroniese kanale (hierna "elektroniese kanale") om 'n lening aansoek doen. Indien u deur 'n elektroniese kanaal aansoek doen, skeep, stuur, ontvang en bewaar ons inligting elektronies.
- Vir elektroniese aansoeke moet u self u persoonlike geheime toegangsbesonderhede, soos 'n PIN of wagwoord, kies. U moet hierdie besonderhede veilig en vertroulik hou. FinChoice kan aanneem dat enige leningsooreenkoms wat met u geheime toegangsbesonderhede deur elektroniese kanale aangegaan word, deur u self gemagtig en aangegaan word. U moet ons onmiddellik in kennis stel indien u daarvan bewus word dat u geheime toegangsbesonderhede weg is of dat enige ongemagtigde persoon dalk daartoe toegang het. Ons sal nie verantwoordelik wees vir enige ongemagtigde gebruik van u geheime toegangsbesonderhede totdat u ons in kennis stel nie.
- FinChoice kan enige stawingsprosedure in werking stel wat volgens hom nodig is vir klientestawing elke keer as 'n klient deur elektroniese kanale om 'n leningsooreenkoms aansoek doen.

## 6. Terugbetaling

- U moet die totale verskuldigde bedrag ingevolge die leningsooreenkoms terugbetaal, wat die leningsbedrag, alle koste en rente ingevolge die Kredietwet insluit.
- Toe u aansoek gedoen het, het u ingestem om u maandelikse paaiement en enige ander maontlike verskuldigde bedrae per debietorder aan ons te betaal. FinChoice gebruik die NAEDO- ("non-authenticated early debit order")-stelsel en kan tred hou met u bankrekening om te bepaal of en wanneer daar genoeg geld beskikbaar is. Die volgende bepaling is van toepassing:
  - Vir ons maand lange korttermynlenings ("KwikAdvance") is u paaiement verskuldig volgens ons ooreenkoms toe u aansoek gedoen het, en sal ons die debietorder aanbied op die datum waaroor ons ooreengekom het.
  - Wat alle ander betalings betref:
    - indien u oor 'n naweek of op 'n Maandag betaal word, sal ons die debietorder die vorige Vrydag aanbied. Dieselfde geld vir enige betaling ingevolge paragraaf 6.2.2.2-6.6.6.4 indien die dag waarop ons gewoonlik die debietorder aanbied op 'n Maandag of oor 'n naweek val; indien u op 'n openbare vakansiedag betaal word, sal ons die debietorder die vorige dag aanbied;
    - indien u op die 1ste van die maand betaal word, sal ons die debietorder op die 30ste van die vorige maand aanbied; of
    - indien u op die 31ste van die maand betaal word, sal ons die debietorder op die 30ste van dieselfde maand aanbied.
  - U kan dalk in Desember vroeër as gewoonlik betaal word. In so 'n geval stem u in dat ons kan tred hou met wanneer u betaal word en die debietorder in enige stadium vanaf 10 Desember kan aanbied, tensy u ons van u presiese Desember-betaaldatum in kennis stel.
- Indien u leningsooreenkoms agterstallig is, behou FinChoice die reg om die debietorder op enige dag aan te bied om die agterstallige bedrag van enige beskikbare saldo in u bankrekening te verhaal.
- U moet ons onmiddellik in kennis stel indien u bankbesonderhede of u betaaldatum verander, en ons kan u debietorderbesonderhede dan dienooreenkomsig aanpas.
- U mag nie die bankrekening sluit nie, tensy u ons die besonderhede van 'n ander bankrekening gee waar ons die debietorder kan aanbied.
- U mag nie die debietorder kanselleer totdat u alle verskuldigde bedrae ingevolge die leningsooreenkoms ten volle aan FinChoice terugbetaal het nie.
- Indien u meer as een leningsooreenkoms met FinChoice het:
  - en een van die leningsooreenkoms is agterstallig, kan ons enige kredietwaarde van een leningsooreenkoms oorplaas na 'n leningsooreenkoms wat hetsy agterstallig is of 'n uitstaande saldbedrag het;
  - kan ons 'n enkele aftrekking van u bankrekening maak

- vir die bedrag wat u ingevolge ál die leningsooreenkoms skuld, en die aftrekking dan toewys om te sorg dat alle ooreenkoms nie agterstallig is nie, waar dit ook al moontlik is; en
- kan ons besluit hoe om die betaling toe te wys indien u nie aandui watter leningsooreenkoms u afbetaal nie.
- U moet die volle verskuldigde bedrag binne die aangeduide tydperk met behulp van 'n maandelikse debietorder aan ons betaal. Indien u 'n probleem met u bankrekening of 'n betaling ondervind, moet u ons ten minste drie werksdae voor die betaaldatum van die paaiement kontak en 'n ander betaalreëling tref om bykomende rente of regskoste te voorkom.
- Indien u ons versoek om die terugbetalingsrooster vir u lening te wysig, en ons stem in, sal die leningsooreenkoms met die gewysigde terugbetalingsrooster steeds onderworpe wees aan die bepalinge waaroor ons ooreengekom het. Die besluit om die terugbetalingsrooster te wysig geskied geheel en al na ons goedgekunke.
- Onderworpe aan paragraaf 6.6 sal enige betalings wat van u ontvang word in die volgende orde toegewys word:
  - Die betaling van kredietleuenspromties
  - Die betaling van waardebelaaië dienste
  - Die betaling van rente
  - Die betaling van ander fooie en heffings
  - Die betaling van hoofskuld

## 7. FinChoice se reg om die ooreenkoms te beëindig

- Indien u nie die volle uitstaande verskuldigde bedrag ingevolge die leningsooreenkoms betyds betaal nie, sal FinChoice of sy verteenwoordigers u skriftelik van u wanbetaling in kennis stel, en voorstel dat u die leningsooreenkoms na 'n skuldberader, alternatiewe geskilbeslegtingsagent, verbruikershof of ombud met regsbevoegdheid verwys om enige geskil ingevolge die leningsooreenkoms op te los of oor 'n plan ooreen te kom om agterstallige skuld in te haal.
- Indien u vir ten minste 20 sakedae in gebreke bly om te betaal, en ten minste 10 sakedae het verloop sedert FinChoice die kennisgewing in paragraaf 7.1 aan u gestuur het en u reageer nie op die kennisgewing nie óf reageer deur FinChoice se voorstelle te verwerp, sal FinChoice die leningsooreenkoms kanselleer of 'n hof nader vir 'n bevel om die leningsooreenkoms af te dwing.
- U kan in enige stadium nadat die kennisgewing in paragraaf 7.1 by u afgeleer is, maar voordat FinChoice die leningsooreenkoms ingevolge paragraaf 7.2 kanselleer, en te alle tye onderworpe aan die bepalinge van die wet, die leningsooreenkoms herinstel deur alle verskuldigde bedrae aan FinChoice te betaal, tesame met wanbetalingseffings en -koste wat die Kredietwet of enige ander wet toelaat, wat onder meer kan insluit wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste om die leningsooreenkoms af te dwing totdat u al u agterstallige skuld ingehaal het.

## 8. State

Die partye kom daaroor ooreen dat u 'n kwartaallikse rekeningstaat deur elektroniese kanale sal ontvang, tensy dit slegs moontlik is om dit met gewone pos te stuur. Indien u so versoek, sal FinChoice u van 'n staat voorsien met 'n uiteensetting van alle koste wat gehê is, alle betalings wat gemaak is, sowel as die uitstaande saldo.

## 9. Vroeë aflossing

- U kan die leningsooreenkoms in enige stadium beëindig deur die volle uitstaande saldo ingevolge die leningsooreenkoms tot en met die aflossingsdatum te betaal, met of sonder kennisgewing aan ons.
- Indien u die leningsooreenkoms wil aflos, kan u ons persoonlik kontak om die aflossingsbedrag te kry. Ons sal nie sonder u skriftelike instruksies die inligting verstrek aan 'n derde party wat namens u optree nie.

## 10. Regsbevoegdheid

Ingevolge artikel 45 van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 stem u in dat ons enige regsverrigting met betrekking tot die leningsooreenkoms of u rekening in die landdroshof kan instel.

## 11. Wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste

- Indien u agterstallig is met u maandelikse paaiement, en FinChoice doen stappe om verskuldigde betalings ingevolge die leningsooreenkoms in te vorder, sal u aanspreeklik wees vir alle wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste wat FinChoice aangaan, waaronder opsporingsfooi, invorderingskommissies op betalings nadat u 'n betaling oorgegaan het en ons stappe moes doen om u van u wanbetaling in kennis te stel, en die koste van 'n prokureur of skuldinvorderaar, wat onder meer die koste van telefoonoproepe, stempels en elektroniese kommunikasie insluit.
- FinChoice kan die maksimum wanbetalingsadministrasie- en invorderingskoste hef wat die Wet op Landdroshowe 32 van 1944, die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959, die Prokureurswet van 1979 of die Wet op Skuldinvorderaars 114 van 1998 toelaat, wat ook al van toepassing is.
- Indien FinChoice 'n prokureur aanstel om 'n geding teen u aanhangtig te maak en/of enige verskuldigde bedrae in te vorder, stem u in dat u aanspreeklik sal wees vir koste op 'n prokureur-en-eie-klient-skaal.

## 12. Adresse

- U kies die adres wat in die leningsooreenkoms bepaal word as die adres waar regsdokumente en kennisgewings, waaronder enige kennisgewing ingevolge artikel 129, aan u bestel kan word.
- Indien u adres verander, moet u FinChoice onmiddellik hetsy skriftelik of telefonies van die nuwe adres in kennis stel.
- Ons adres waar regsdokumente en kennisgewings aan ons bestel kan word, is FinChoice, Hoofweg 78, Wynberg, Kaapstad 7800, vir die aandag van "FinChoice-regsdienste".

## 13. Elektroniese kommunikasie

- Tensy ons anders afspreek, sal ons alle leningsooreenkoms, state of ander korrespondensie deur 'n elektroniese kanaal stuur met behulp van die kontakbesonderhede wat u aan ons gegee het ("opgetekende adres").
- Ons sal aanneem dat u alle korrespondensie wat na die opgetekende adres gestuur word, wat onder meer die leningsooreenkoms insluit, ontvang het binne 36 uur nadat ons logglêers aandui dat dit versend is.
- Indien u besonderhede in die loop van die leningsooreenkoms verander, of u kies om nie korrespondensie via elektroniese kanale te ontvang nie, moet u ons van die nuwe besonderhede in kennis stel.

## 14. Sertifikaat

'n Sertifikaat wat onderteken is deur enige van die bestuurders van FinChoice (welke bestuurder nie sy of haar aanstelling hoeft te bewys nie) sal as prima facie- (oënskynlik voldoende) bewys van die uitstaande saldo dien.

## 15. Sessie en toekenning

U stem in dat FinChoice enige van of ál sy regte en verpligtinge ingevolge die leningsooreenkoms in enige stadium en sonder kennisgewing aan 'n derde party kan sedeer en toewys.

## 16. Hele ooreenkoms

Die leningsooreenkoms maak die hele ooreenkoms tussen u en FinChoice uit, en daar is geen bykomende verswygde of geïmpliseerde bepalinge en voorwaardes nie, tensy ons die leningsooreenkoms wysig soos wat die wet toelaat, in welke geval die gewysigde bepalinge sal geld.

## 17. Bemerkingskeuses

- Wanneer u die leningsooreenkoms met FinChoice aangaan, kan u vra dat u van enige van of ál die volgende uitgesluit word:
  - Telebemarkingsveldtogte deur of namens FinChoice
  - Bemerkings- of klientelyste wat deur FinChoice verkoop of versprei word, buiten wat die wet vereis
  - Enige massawerspreiding van e-pos of SMS'e
- U sal versoek word om hierdie reg gedurende die leningsaansoekproses uit te oefen. Die drie keuses wat u maak, sal op die leningskontrak verskyn wat by die leningsooreenkoms aangehef word. U kan FinChoice in enige stadium kontak en versoek dat u keuses gewysig word.